



Verwysing: 20190916-9274

Lêernommer: 12/2/10/5

Navrae: GC Ahrends

Asseseringsbestuurminuut: 0012/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Inklusiewe en Gespesialiseerde Onderwysondersteuning, Hoofonderwyskundiges, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Senior Onderwysspesialiste en Prinsipale

Onderwerp: Kriteria vir die skooltoekennings vir uitnemende prestasie in die 2019-sistemiese toetse in taal en wiskunde – graad 3, 6 en 9

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) wil 'n verbetering in die taal- en wiskundevlak by alle skole verseker. Die afgelope 18 jaar is die gehalte van laerskoolonderwys deur die sistemiese toetsprogram in taal en wiskunde vir graad 3, 6 en 9 in die Wes-Kaap gemonitor.
2. Die uitslae word deur skole en distriksamptenare gebruik om akademiese aktiwiteite vir die jaar te beplan en om skool- en distriksverbeteringsplanne te ontwikkel.
3. Die WKOD gee toekennings aan skole wat die grootste verbetering en uitnemende prestasie deur die jare getoon het. Die toekennings is daarop gemik om erkenning te gee aan uitnemendheid en om voorbeelde van beste praktyk te identifiseer.
4. Dit is vir die WKOD aangenaam om skole te voorsien van die kriteria vir die 2019 Wes-Kaapse Skoletoekennings vir Prestasie in Taal en Wiskunde (graad 3, 6 en 9), aangeheg as **Bylae A**.
5. Die toekenningsgeleentheid sal plaasvind op Dinsdag, 25 Februarie 2020 ter erkenning en viering van die toppresterders en skole wat die grootste verbetering getoon het in die 2019-sistemiese toetse in die provinsie.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESERINGSBESTUUR

DATUM: 2019-10-03



KRITERIA VIR DIE WES-KAAPSE SKOOLTOEKENNINGS VIR PRESTASIE IN TAAL EN WISKUNDE (GRAAD 3, 6 EN 9)

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) sal toekennings in die volgende kategorieë gee:

KATEGORIE 1: UITNEMENDHEID IN AKADEMIESE PRESTASIE

Die WKOD sal uitnemendheid bepaal deur skole wat 75% en meer in die sistemiese toetse behaal het. Die skole sal elk 'n sertifikaat ontvang.

Gewone openbare skole

- **Kategorie 1(a): Algehele uitnemendheid in taal en wiskunde: graad 3 en 6**
 - Skole met 'n minimum van 30 leerders wat in graad 3 en 6 skryf
Die WKOD sal toekennings vir uitnemendheid gee aan die top tien gewone openbare skole in hierdie kategorie, gebaseer op die gesamentlike gemiddelde uitslae van die graad 3- en 6-taal- en -wiskundetoetse.
 - Skole met minder as 30 leerders wat in graad 3 en 6 skryf
Die WKOD sal 'n toekenning vir uitnemendheid gee aan een gewone openbare skool in hierdie kategorie, gebaseer op die gesamentlike gemiddelde uitslae van die graad 3- en 6-taal- en -wiskundetoetse.

- **Kategorie 1(b): Algehele uitnemendheid in taal en wiskunde: graad 9**
 - Skole met 'n minimum van 30 leerders wat in graad 9 skryf
Die WKOD sal toekennings vir uitnemendheid gee aan tien gewone openbare skole in hierdie kategorie, gebaseer op die gesamentlike gemiddelde uitslae van die graad 9-taal- en -wiskundetoetse.
 - Skole met minder as 30 leerders wat in graad 9 skryf
Die WKOD sal 'n toekenning vir uitnemendheid gee aan een gewone openbare skool in hierdie kategorie, gebaseer op die gesamentlike gemiddelde uitslae van die graad 9-taal- en -wiskundetoetse.

- **Kategorie 1(c): Uitnemendheid in akademiese prestasie in taal: graad 3 en 6**
 - Skole met 'n minimum van 30 leerders wat in graad 3 en 6 skryf
Die WKOD sal toekennings vir uitnemendheid gee aan drie gewone openbare skole in hierdie kategorie, uitgesonderd die wat in Kategorie 1(a) toegeken is, gebaseer op die gesamentlike gemiddelde uitslae van die graad 3- en 6-taaltoetse.

- Skole met minder as 30 leerders wat in graad 3 en 6 skryf
Die WKOD sal 'n toekenning vir uitnemendheid gee aan een gewone openbare skool in hierdie kategorie, uitgesonderd die een wat in Kategorie 1(a) toegeken is, gebaseer op die gesamentlike gemiddelde uitslae van die graad 3- en 6-taaltoetse.
- **Kategorie 1(d): Uitnemendheid in akademiese prestasie in wiskunde: graad 3 en 6**
 - Skole met 'n minimum van 30 leerders wat in graad 3 en 6 skryf
Die WKOD sal toekennings vir uitnemendheid gee aan drie gewone openbare skole in hierdie kategorie, uitgesonderd die wat in Kategorie 1(a) toegeken is, gebaseer op die gesamentlike gemiddelde uitslae van die graad 3- en 6-wiskundetoetse.
 - Skole met minder as 30 leerders wat in graad 3 en 6 skryf
Die WKOD sal 'n toekenning vir uitnemendheid gee aan een gewone openbare skool in hierdie kategorie, uitgesonderd die een wat in Kategorie 1(a) toegeken is, gebaseer op die gesamentlike gemiddelde uitslae van die graad 3- en 6-wiskundetoetse.
- **Kategorie 1(e): Uitnemendheid in akademiese prestasie in taal: graad 9**
 - Skole met 'n minimum van 30 leerders wat in graad 9 skryf
Die WKOD sal toekennings vir uitnemendheid gee aan drie gewone openbare skole in hierdie kategorie, uitgesonderd die wat in Kategorie 1(b) toegeken is, gebaseer op die gemiddelde uitslae van die graad 9-taaltoets.
 - Skole met minder as 30 leerders wat in graad 9 skryf
Die WKOD sal 'n toekenning vir uitnemendheid gee aan een gewone openbare skool in hierdie kategorie, uitgesonderd die een wat in Kategorie 1(b) toegeken is, gebaseer op die gemiddelde uitslae van die graad 9-taaltoets.
- **Kategorie 1(f): Uitnemendheid in akademiese prestasie in wiskunde: graad 9**
 - Skole met 'n minimum van 30 leerders wat in graad 9 skryf
Die WKOD sal toekennings vir uitnemendheid gee aan drie gewone openbare skole in hierdie kategorie, uitgesonderd die wat in Kategorie 1(b) toegeken is, gebaseer op die gemiddelde uitslae van die graad 9-wiskundetoets.
 - Skole met minder as 30 leerders wat in graad 9 skryf
Die WKOD sal 'n toekenning vir uitnemendheid gee aan een gewone openbare skool in hierdie kategorie, uitgesonderd die wat in Kategorie 1(b) toegeken is, gebaseer op die gemiddelde uitslae van die graad 9-wiskundetoets.
- **Kategorie 1(g): Akademiese uitnemendheid in graad 3 (waar skole nie graad 6 het nie)**
 - Skole met 'n minimum van 30 leerders wat in graad 3 skryf
Die WKOD sal 'n toekenning vir uitnemendheid gee aan een gewone openbare skool in hierdie kategorie, gebaseer op die gesamentlike gemiddelde uitslae van die graad 3-taal- en -wiskundetoetse.

- Skole met minder as 30 leerders wat in graad 3 skryf
Die WKOD sal 'n toekenning vir uitnemendheid gee aan een gewone openbare skool in hierdie kategorie, gebaseer op die gesamentlike gemiddelde uitslae van die graad 3-taal- en -wiskundetoetse. Die skool moet in die top-tien in die provinsie wees.

- **Kategorie 1(h): Akademiese uitnemendheid in graad 6 (waar skole nie graad 3 het nie)**

Die WKOD sal 'n toekenning vir uitnemendheid gee aan een gewone openbare skool in hierdie kategorie, gebaseer op die gesamentlike gemiddelde uitslae van die graad 6-taal- en -wiskundetoetse.

Onafhanklike skole

- **Kategorie 1(i): Algehele uitnemendheid in taal en wiskunde in onafhanklike skole: graad 3 en 6**

- Skole met 'n minimum van 30 leerders wat in graad 3 en 6 skryf
Die WKOD sal 'n toekenning vir uitnemendheid gee aan een onafhanklike skool in hierdie kategorie, gebaseer op die gemiddelde uitslae van die graad 3- en 6-taal- en -wiskundetoetse.

- Skole met minder as 30 leerders wat in graad 3 en 6 skryf
Die WKOD sal 'n toekenning vir uitnemendheid gee aan een onafhanklike skool in hierdie kategorie, gebaseer op die gemiddelde uitslae van die graad 3- en 6-taal- en -wiskundetoetse.

- **Kategorie 1(j): Algehele uitnemendheid in taal en wiskunde in onafhanklike skole: graad 9**

- Skole met 'n minimum van 30 leerders wat in graad 9 skryf
Die WKOD sal 'n toekenning vir uitnemendheid gee aan een onafhanklike skool in hierdie kategorie, gebaseer op die gemiddelde uitslae van die graad 9-taal- en -wiskundetoetse. Die WKOD neem die aantal leerders in ag wat meer as 50% in die toetse behaal.

- Skole met minder as 30 leerders wat in graad 9 skryf
Die WKOD sal 'n toekenning vir uitnemendheid gee aan een onafhanklike skool in hierdie kategorie, gebaseer op die gemiddelde uitslae van die graad 9-taal- en -wiskundetoetse. Die WKOD neem die aantal leerders in ag wat meer as 50% in die toetse behaal.

KATEGORIE 2: VERBETERING IN AKADEMIESE PRESTASIE IN GRAAD 3, 6 EN 9

Die WKOD sal verbetering bepaal deur die toename in die aantal leerders wat vanaf 2017 tot en met 2019 meer as 50% in die taal- en wiskundetoetse behaal het. Die skole sal elk 'n sertifikaat sowel as R10 000 ontvang vir die aankoop van leer- en onderrigondersteunings materiaal.

- **Kategorie 2(a): Algehele verbetering in akademiese prestasie: graad 3 en 6**
 - Skole met 'n minimum inskrywing van 600 leerders
Die WKOD sal toekennings aan tien gewone openbare skole gee wat die grootste verbetering getoon het in die graad 3- en 6-taal- en -wiskundetoetse.
 - Skole met 'n inskrywing van minder as 600 leerders
Die WKOD sal toekennings aan vyf gewone openbare skole gee wat die grootste verbetering getoon het in die graad 3- en 6-taal- en -wiskundetoetse.

- **Kategorie 2(b): Algehele verbetering in akademiese prestasie: graad 9**
 - Skole met 'n minimum inskrywing van 600 leerders
Die WKOD sal toekennings aan sewe gewone openbare skole gee wat die grootste verbetering getoon het in die graad 9-taal- en -wiskundetoetse.
 - Skole met 'n inskrywing van minder as 600 leerders
Die WKOD sal toekennings aan drie gewone openbare skole gee wat die grootste verbetering getoon het in die graad 9-taal- en -wiskundetoetse.